



# Voorgrond- Agtergrond

Voorgrond-agtergrond is die vermoë om voorwerpe op die voorgrond en agtergrond waar te neem en hulle sinvol te skei.

## Voorgrond-Agtergrond

### Wat is voorgrond-agtergrond?

Dit is die vermoë om voorwerpe op die voorgrond en agtergrond waar te neem en hulle sinvol te skei.

1. Die leerder moet sy of haar aandag by die voorwerp/e op die voorgrond bepaal en die dinge op die agtergrond ignoreer. M.A.W. Hy/sy moet dit wat belangrik is op die voorgrond bring en die onbelangrike dinge op die agtergrond skuif.
2. Leerders met 'n voorgrond-agtergrond probleem word deur auditiewe, visuele en motoriese prikkels gelyktydig met eweveel trefkrag binnegedring, sodat dit wat hy/sy behoort te doen/of sien by hom/haar verbygaan.
3. Die klaskamer moet op so 'n manier ingerig word dat dit aandagfluktusie en afleibaarheid bekamp. Oorvol versierde mure kan die leerder se aandag aftrek. Prente wat te naby aan mekaar is, lyk vir die leerder na een groot bont massa.
4. Die onderwyseres se kleredrag kom in die gedrang, want enige helderkleurige of blink borsspeld of knope, ens, kan afleibaarheid in die hand werk.

### Hoe weet ek as 'n leerder in my klas so 'n probleem het?

- Elke nuwe prikkel trek leerder se aandag af.
- 'n Beweging of helder kleur trek leerder se aandag af.
- Hy of sy kan nie sy aandag lank by sy werk bepaal nie.

- Hy/sy verloor gedurig sy plek op die bladsy.
- Begin sommer enige plek op die bladsy. Laat lyne oop/bladsy word oopgelaat.
- Leerder kan ook nie weer sy plek op die bladsy kry of hou nie.
- Leerder slaan gedeeltes oor as hy/sy lees.
- Woorde of frases word uitgelaat.
- Reëls word oorgeslaan.
- Leerder kan nie woorde in 'n woordeboek kry nie.
- 'n Oorvol bladsy met baie inligting skep probleme en die leerder sal sukkel om wiskunde/probleme op te los. (Hy/sy kan nie fynere besonderhede waarneem nie.)
- Die leerder sal sukkel om 'n spesifieke artikel uit 'n kas te haal omdat hy nie tussen die verskillende voorwerpe kan onderskei nie. (Sien net een groot massa.)
- Hy kan nie 'n aftreksom sien tussen optelsomme nie/ 'n Deelsom tussen vermenigvuldigingsomme nie.
- Leerder sal sukkel om 'n spesifieke letter in 'n woord te sien.
- Leerder sal sukkel om 'n spesifieke woord in 'n sin te kry.

### Wat kan ek doen om die probleem op te los?

#### Praktiese oefeninge:

1. Laat die leerder voorwerpe **sorteer**, volgens: kleur, grote, tekstuur en vorm.
2. Leerder moet leer om sy aandag te verskuif van een voorwerp na 'n ander:
  - Sit 2/3 voorwerpe in 'n kas/handsak/potloodsakkie, ens. Leerder word gevra om een te verwyder en weer terug te sit.

Vra hom/haar om die volgende voorwerp uit te haal en weer terug te sit. Maak elke keer wat die oefening gedoen word die voorwerpe in die kas/handsak/potloodsakkie, ens meer, totdat leerder 'n spesifieke voorwerp tussen 10 of meer voorwerpe kan uithaal, sonder huiwering.

**3. Leerder moet 'n **spesifieke blokkie**/papier/klippie, ens **tussen ander** uithaal.**

- ❑ Byvoorbeeld: Sit tien rooi blokkies en een geel blokkie in 'n houer/plastieksak. Vra leerder om die geel blokkie te verwyder.
- ❑ Sit elke keer meer geel blokkies in totdat leerder die blokkies met gemak kan uithaal.
- ❑ Sit nou vierkante van verskillende kleure in 'n houer/sak. Plaas nou 'n sirkel tussen die vierkante. Laat die leerder die sirkel uitsoek.
- ❑ Gaan voort met die tipe oefening totdat leerder drie of meer vorms tussen ander kan uithaal.

**4. Leerder '**ontdek**' die **aard en kenmerke** van voorwerpe in die klas bv. Rond, vierkantig, groen, hout, plastiek, ens.**

- ❑ Byvoorbeeld :
  - ❑ Soek die groen plastiek bak op die kas.
  - ❑ Soek die blou boek op die rak.
  - ❑ Die voorwerpe moet aan die begin redelik groot wees.
  - ❑ Namate die leerder vorder kan hy voorwerpe begin uitwys wat minder ooglopend is soos 'n albaster, knoop, uitveër, teller, ens.

## **5. Bespreking van prente:**


- ❑ Plaas enige prent voor die kind en vra vrae soos:
  - a. Hoeveel kinders sien jy?
  - b. Is daar wolke in die lug?
  - c. Wat het die man in sy hand?
- ❑ Gebruik prente waar mense/diere/voorwerpe beweeg. Die leerder soek nou die figure of voorwerpe.

## **6. Legkaarte**

- ❑ Begin met legkaarte met min stukke het, ± 10 stukke.
- ❑ Die legkaart stukkel moet ook redelik groot wees.
- ❑ Vermeerder die stukke soos die leerder vorder.

## **7. Ander oefeninge:**

- ❑ Trek 'n kring om die een wat lyk soos die een in die raam. Bv.



- Trek 'n kring om al die "t's"

Die kat sit op die  
mat.

- Trek 'n kring om 'n sekere woord in 'n geskrewe deel.


Zak die kat is stout. Zak wil  
jag. Zak wil vir Das jag. San  
raas met Zak.

- Maak flitskaarte met prente op. Leerder soek spesifieke  
prent op bevel uit bv. Soek vir my die appel. Soek vir my die  
roomys, ens.
- Pak patronen met blokkies volgens 'n voorbeeld.
- Volgorde prente wat 'n storie vorm. Vertel die storie vir die  
leerder. Skommel die kaarte en die leerder moet die prente  
in die regte volgorde pak.

Voorbeeld kaarte om jong leerders te help met voorgrond-agtergrond.

Herkenning van oorkruising van prente/voorwerpe/vorms, ens.

Kleur die groot ster in. of Kleur die klein ster geel in en die groot ster blou



Kleur die bank in.of Kleur die boot in.

